



WIMPY

ethnikids
made for me

# MHLEKAZI SE OPWINDENDE EIER AVONTUUR



GESKRYF DEUR
MELUSI TSHABALALA

ILLUSTRASIES DEUR
TEBOHO MOREKI

**PUBLIKASIE INLIGTING**

**Hierdie boek is geskep deur Ethnikids Publiseerders (Ltd) vir Wimpy 2024.**
**Tekskopiereg Melusi Tshabalala 2024.**
**Illustrasiekopiereg Teboho Moreki 2024.**
**Vertaal deur Jacquline Frew**
**Alle regte voorbehou. Geen uittreksel of deel van hierdie publikasie mag gepubliseer word, in enige formaat, sonder die geskrewe goedkeuring van Wimpy nie.**

**Ethnikids Publiseerders is deel van Ethnikids (Ltd)**
**www.ethnikids.co.za**



# MHLEKAZI SE OPWINDENDE EIER AVONTUUR

Gedurende die broeiseisoen wat `n uiterse spesiale tyd is, het 'n saggeaarde pikkewyn met die naam Nenekazi 'n belangrike werk gehad.
Sy moes haar dierbare man, Mhlekazi,
in hul knus pikkewyndorpie Boulders Beach
los om op reis te gaan om lekker vis te vind vir
haar kosbare baba, sodra dit uitbroei.





Nenekazi se naam beteken ‘Dame’ in isiXhosa, en Mhlekazi beteken ‘Meneer’. Hul pikkewynvriende het die egpaar hierdie name gegee omdat hulle baie gerespekteer is in die dorp.
Al lyk alle pikkewyne of hulle manelpakke dra, is Nenekazi en Mhlekazi behandel asof hulle die enigstes is wat kantoorpakke dra.



In die vreugdevolle pikkewyndorp het Mhlekazi agtergebly omdat die pappas die gesogte werk gehad het om die eiers warm en veilig te hou totdat die mammas terugkom.

Mhlekazi, trots en sorgsaam, was gereed vir sy pligte as pappa.



Een koue dag was Mhlekazi bo-op 'n heuwel besig om 'n lomp pappa-pikkewyn met sy eier te help. Terwyl hulle besig was, was daar vrolikheid in die lug.





Skielik het 'n speelse briesie Mhlekazi se eier van sy voete af gewaai en dit het teen die helling af gerol. Mhlekazi het dadelik agter sy kosbare eier aan gehardloop.



Mhlekazi het so vinnig as wat hy kon gehardloop en sy vlerke wild geklap, maar 'n skelm seemeeu – so 'n stoute voël – het afgeduik.





Die pappas het geskree en probeer om die dief af te skrik, maar die meeu het die eier opgeraap en weggevlieg, die eier stewig in sy snawel.



In dieselfde pikkewyndorp het 'n pikkewyn met die naam Gqwirha gewoon. Hy was nog altyd jaloers op Mhlekazi en het sy kans waargeneem om die ander pappa-pikkewyne teen Mhlekazi te draai.
“Mhlekazi het sy eier verloor omdat hy nie verantwoordelik is nie,” het Gqwirha aan almal gesê. Die ander pappas het hom geglo en nie meer dieselfde respek vir ‘Meneer’ gehad nie.





Selfs die pappa wat hy gehelp het, toe hy sy eier verloor het, het hom nie meer Mhlekazi genoem nie, maar hom op sy ou naam, Litha.



Mhlekazi het hartseer en verstoot, deur sy mede-pikkewyne gevoel en besluit om op 'n reis te gaan om sy verlore eier te vind.





Intussen, oor die oop oseaan, het die seemeeu die eier laat val omdat dit te groot was om te dra. Die eier het op 'n vissersboot geval en sag op 'n bondel nette op die dek van die boot te lande gekom. Wonderbaarlik het dit nie gebreek nie. ’n Gawe visserman het gesien hoe die eier land en dit huis toe geneem, om dit te versorg.



Mhlekazi het 'n mensehoed opgesit wat hy lank gelede op die strand opgetel het. In hierdie vermomming het hy na die nabygeleë Simonstad gereis. Hy het 'n gevoel gehad dat om na die mensedorp te gaan, hom sou help om sy eier te vind. Op pad moes hy versigtig wees om nie deur motors, busse en taxi's getref te word nie. Mense is blykbaar altyd haastig. Daar was egter vriendelike mense wat hom gegroet het, omdat hulle gedink het dat hy 'n kort, vooraanstaande heer was, vanweë sy hoed en manel vere.

Hierdie mense het gesê: “Molo, Mhlekazi,” wat beteken, “Hallo, Meneer.” Hulle het nie geweet sy naam is Mhlekazi nie, maar hulle kon sien hy verdien respek.






Terwyl Mhlekazi in die straat afgestap het, het hy teen 'n man met die naam Mawethu vas geloop, en sy mensehoed het van sy kop afgeval en sy pikkewyngesig geopenbaar.

“Is jy 'n pikkewyn?!” het die man uitgeroep. “Die pikkewyn! Die een waarna ek gesoek het!” Mhlekazi was eers geskok omdat sy hoed afgeval het, maar hy het 'n sterk verbintenis met hierdie man gevoel.

Hy het gevoel dit was die man wat hom sou help om sy eier te vind. En hy was reg! Mawethu was die visserman wat sy eier na sy huis geneem het om dit te versorg.



Mawethu het Mhlekazi na sy huis genooi. Toe hulle binne kom, het hulle in Mawethu se spesiale kamer ingegaan waar hy aan visvangtoerusting gewerk het. Daar was Mhlekazi se eier, veilig. Mawethu het dit goed opgepas. Mhlekazi het Mawethu omhels en trane van blydskap gehuil.





Toe haal Mawethu 'n foto van die lessenaar af en gee dit vir Mhlekazi. Dit was 'n foto van Mawethu, sy vrou en twee kinders. “Ek wys dit vir jou,” het Mawethu gesê, “sodat jy kan sien dat ek ook ’n pa is. Meneer, ek weet hoe belangrik hierdie eier vir jou is.”

Mhlekazi het Mawethu uit die diepte van sy hart bedank, maar hy moes terug haas na die pikkewyndorp voor die mamma pikkewyne terugkom. Mawethu dit het verstaan en het aangebied om Mhlekazi terug te neem na Boulders Beach. Dit was vinniger as om te stap. Hulle het uit Simonstad gery en die snelweg geneem, toe die afrit gevat en uiteindelik by Boulders Beach aangekom. Die ander pappas was verras!





Mhlekazi het Mawethu, die gawe visserman, aan die ander pappas voorgestel en hulle het gejuig. Selfs Gqwirha, die jaloerse een, was verstom oor Mhlekazi se dapperheid en dat hy 'n mensevriend gemaak het. Toe Mhlekazi die eier uithaal het die pappas in lof uitgebreek: “Mhlekazi! Mhlekazi! Mhlekazi!” Gqwirha het die hardste gesing.



Mhlekazi het vir Nenekazi vertel hoe die eier deur 'n briesie weggewaai is, teen 'n heuwel afgerol het en deur 'n stoute seemeeu gesteel is. Hy het vir haar gesê dat hy besluit het om dit in die mensedorp te gaan soek en hoe hy Mawethu, wie die eier opgepas het, ontmoet het. Hy het haar ook vertel hoe die ander pikkewyne hulle rug op hom gedraai het nadat hy die eier verloor het. Maar ook hoe hy hul respek teruggekry het deur sy dapper daad om na die eier te gaan soek en daarmee terug te keer.

Nenekazi het geglimlag en gesê: “Ek is so trots op hoe dapper jy was.” Sy het Mawethu ook bedank en gesê sy het nie geweet dat mense so vriendelik en behulpsaam is nie.



Terwyl hulle gesels het, het Mhlekazi se eier uitgebroei en 'n baba pikkewyn is gebore. Hulle het hom Mawethu genoem omdat Mawethu hulle so mooi gehelp het.





Skielik het al die eiers uitgebroei! Al die pikkewyne was verheug en het hul babas ook Mawethu genoem. Dit was onverwags, maar dit was pragtig.



# DIE EINDE

